NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
VAALDRIEHOEKKAMPUS

# Die lewe, werk en invloed van F.V. Engelenburg in Suid-Afrika (1889 – 1938)

deur

LINDA EUGéNE BRINK

Studentenommer: 20998775

Proefskrif voorgelê vir die graad PhD in Geskiedenis
aan die Noordwes-Universiteit se Vaaldriekhoekkampus
2015

Promotor: Prof. J.W.N. Tempelhoff
Medepromotor: Prof. J. van der Elst

# VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van ŉ graad voorgelê het nie.

…………………………………….
Handtekening

……………………………………..
Datum

# Inhoud

Bladsy nr.

| | | |
|---|---|---|
| Bedankings ........................................................................................ | | i |
| Lys van afkortings ............................................................................. | | iii |
| Opsomming en trefwoorde ………………………………………………. | | v |
| Abstract and key words ………………………………………………..... | | vii |
| Inleiding ............................................................................................. | | 1 |
| Hoofstuk 1: | Die ontluiking van ’n politieke kommentator, 1889-1894 ………………............................................... | 13 |
| Hoofstuk 2: | Engelenburg se betrokkenheid by ZAR-regeringsaangeleenthede, 1895-1898……………………..... | 88 |
| Hoofstuk 3: | Engelenburg se werksaamhede kort voor en tydens die Anglo-Boereoorlog in Suid-Afrika, 1899-1900…………… | 153 |
| Hoofstuk 4: | Engelenburg se werksaamhede in Europa tydens die Anglo-Boereoorlog, 1900-1902.......................................... | 206 |
| Hoofstuk 5: | Opbou ná die Anglo-Boereoorlog en die aanloop tot Uniewording, 1903-1909……………………................... | 235 |
| Hoofstuk 6: | Engelenburg se persoonlike lewe en sy betrokkenheid by verskeie sake in die openbare belang in die periode 1910-1925 ....................................................................... | 271 |
| Hoofstuk 7: | Engelenburg, die politiek en die Eerste Wêreldoorlog, 1910-1919 ……………………......................................... | 312 |
| Hoofstuk 8: | Engelenburg gee die leisels van *De Volkstem* oor, 1920-1924 ………………............................................................. | 360 |
| Hoofstuk 9: | Stormagtige jare en Engelenburg se intellektuele transformasie, 1925-1931 .................................................... | 404 |
| Hoofstuk 10: | Die lot van *Die Volkstem* en Engelenburg se laaste jare, 1932-1938 ……………………………………………..... | 459 |
| Gevolgtrekking ................................................................................... | | 511 |
| Bibliografie ……………………………………………………………..... | | 526 |

# Illustrasielys
## (verkorte weergawe)


| | | Bladsy nr. |
|---|---|---|
| Illustrasie 1: | Frans Vredenrijk Engelenburg, hoofredakteur van *De Volksstem*. | 14a |
| Illustrasie 2: | Marie Koopmans-De Wet. | 14a |
| Illustrasie 3: | F.T.V. Engelenburg (1836-1920). Onder: Anna Maria Koopmans-Engelenburg (1835-1912). | 14b |
| Illustrasie 4: | Spotprent van Engelenburg wat help om koerante af te lewer. | 24a |
| Illustrasie 5: | *De Volksstem*-gebou in Kerkstraat-Oos, waar Engelenburg begin werk het. | 24b |
| Illustrasie 6: | Personeel van *De Volksstem* voor die koerant se kantore in St. Andriesstraat 190. | 24b |
| Illustrasie 7: | Die drukpers van *De Volksstem*. | 24c |
| Illustrasie 8: | *De Volksstem* se settery. | 24c |
| Illustrasie 9: | Die Ou Raadsaal op Kerkplein, Pretoria. | 30a |
| Illustrasie 10: | Binnekant van die Raadsaal. Koerantverslaggewers het op die galery gesit. | 30a |
| Illustrasie 11: | Sketse deur F.V. Engelenburg, toe nog 'n skoolseun in Arnhem, Nederland, van tonele op 'n plaas. | 34a |
| Illustrasie 12: | Cecil John Rhodes. | 40a |
| Illustrasie 13: | Henry Brougham Loch (1827-1900). | 40a |
| Illustrasie 14: | Aankoms van die eerste trein in Pretoria in 1894. | 46a |
| Illustrasie 15: | Pretoria-stasie, ongeveer 1899. | 46a |
| Illustrasie 16: | Eugène Nielen Marais, hoofredakteur van *Land en Volk*. | 66a |
| Illustrasie 17: | Staatsekretaris W.J. Leyds. | 66a |
| Illustrasie 18: | Christina Johanna Engelenburg-Vos. | 80a |

| | | |
|---|---|---|
| Illustrasie 19: | Een van die 12 dele van die *Atlas Bleau* wat in die Nasionale Biblioteek in Pretoria gehuisves word. | 84a |
| Illustrasie 20: | Brief van Naturalisasie wat in 1895 aan Engelenburg uitgereik is. | 101a |
| Illustrasie 21: | Keiser Wilhelm II van Duitsland. | 113a |
| Illustrasie 22: | Staatsartillerie in 1897. | 125a |
| Illustrasie 23: | Perdestalle by die Staatsartillerie, Pretoria. | 125a |
| Illustrasie 24: | President Paul Kruger. | 141a |
| Illustrasie 25: | Piet Joubert. | 141a |
| Illustrasie 26: | Schalk Burger. | 141a |
| Illustrasie 27: | Jan Smuts. | 141a |
| Illustrasie 28: | Izaak Wallach. | 145a |
| Illustrasie 29: | *De Volksstem* se nuwe gebou, in 1898. | 149a |
| Illustrasie 30: | Groeteboodskap van personeel aan Engelenburg. Gedenkseëls wat spesiaal ontwerp is. | 149b |
| Illustrasie 31: | Broer Willem Engelenburg in sy jonger dae saam met ŉ vriend. | 164a |
| Illustrasie 32: | Perde van die Hollanderkorps word begin Oktober 1899 op die Pretoria-stasie in veetrokke gelaai. | 178a |
| Illustrasie 33: | Mense besig om oorlogsnuus te lees voor die *De Volksstem*-kantore. | 184a |
| Illustrasie 34: | Louis Botha. | 186a |
| Illustrasie 35: | F.V. Engelenburg agter die kamera op die slagveld by Ladysmith, 1899. | 190a |
| Illustrasie 36: | Verkyker en sak, waterbottel en stiebeuels wat Engelenburg tydens die ABO gebruik het. | 190a |
| Illustrasie 37: | ŉ Trein van die NZASM wat ingerig is as ambulanstrein op die slagveld. | 190b |
| Illustrasie 38: | Gewonde Boeresoldate uit Colenso, Natal, word uit ŉ ambulanstrein gehaal. | 190b |
| Illustrasie 39: | Pretoria word deur die Britte ingeneem, 5 Junie 1900. | 196a |

| | | |
|---|---|---|
| Illustrasie 40: | Hys van die Britse vlag op die dak van die Raadsaal, Kerkplein, Pretoria. | 196a |
| Illustrasie 41: | F.V. Engelenburg met bandelier, 1899. | 196b |
| Illustrasie 42: | Tronk in Pretoria waar Engelenburg in Junie 1900 tydens die ABO aangehou is | 196b |
| Illustrasie 43: | Unieke foto van president Paul Kruger aan boord van die *Gelderland* in 1900. | 202a |
| Illustrasie 44: | Engelenburg in Persiese hofkostuum, Maart 1903. | 213a |
| Illustrasie 45: | Gebou waar Engelenburg se kantoor in Lissabon was. | 213b |
| Illustrasie 46: | Uitsig oor die stad Lissabon, geneem vanaf die stadsgedeelte waar Engelenburg se kantoor was. | 213c |
| Illustrasie 47: | "Elevator Gloria", Lissabon. | 213c |
| Illustrasie 48: | Hotel met warmwaterbron (vandag 'n hospitaal) in Caldas da Rainha. | 221a |
| Illustrasie 49: | Die militêre hospitaal in Caldas da Rainha waarheen Boeregeïnterneerdes verskuif is. | 221a |
| Illustrasie 50: | Skool van die Boeregeïnterneerdes se kinders te Caldas da Rainha. | 221b |
| Illustrasie 51: | Abrantes – gebou waar Boeregeïnterneerdes aangehou is. | 221c |
| Illustrasie 52: | Klooster in Alcobaça waar Boeregeïnterneerdes aangehou is. | 221d |
| Illustrasie 53: | Aanhoudingsplek van Boeregeïnterneerdes in die fort aan die kus te Peniche. | 221e |
| Illustrasie 54: | Woonkwartier van Boeregeïnterneerdes in die klooster by Tomar. | 221f |
| Illustrasie 55: | Boeregeïnterneerdes is ook in Fort St. Juliao da Barra te Oeiras aangehou. | 221g |
| Illustrasie 56: | Gedenknaald in Lissabon vir gestorwe Boeregeïnter-neerdes. | 229a |
| Illustrasie 57: | Paul Kruger in Europa, 1 Augustus 1901. | 229b |
| Illustrasie 58: | Yost-tikmasjien. | 231a |
| Illustrasie 59: | Frits Engelenburg, sy vader, F.V.T. Engelenburg, en aanstaande stiefmoeder, Gouda Vermandel. | 233a |

| | | |
|---|---|---|
| Illustrasie 60: | Opknappingswerk aan die Caledonian-gebou. | 242a |
| Illustrasie 61: | Engelenburghuis, Pretoria, in 1904. | 246a |
| Illustrasie 62: | Begrafnisreëlingskomitee vir president Paul Kruger se begrafnis in 1904. | 248a |
| Illustrasie 63: | Frits, FTV Engelenburg en Gouda-Engelenburg-Vermandel in November 1907. | 264a |
| Illustrasie 64: | Lorraine Powell (gebore Halliday) in 1903 toe Engelenburg haar in Brussel ontmoet het. | 266a |
| Illustrasie 65: | Herbert Baker. | 272a |
| Illustrasie 66: | Die Uniegebou in Pretoria. | 274a |
| Illustrasie 67: | "Die student" deur Anton van Wouw. | 280a |
| Illustrasie 68: | Die Koopmans-De Wet-huis, Strandstraat 23, Kaapstad. | 288a |
| Illustrasie 69: | Rua da Prata no. 98, Lissabon. | 298a |
| Illustrasie 70: | Lorraine by Tulme Estates, 25 Januarie 1911. | 298b |
| Illustrasie 71: | Met vakansie saam met vriende. | 304a |
| Illustrasie 72: | *De Volkstem*-redaksie in 1912. | 325a |
| Illustrasie 73: | *De Volkstem*-gebou in 1915 net ná die opstande in Pretoria. | 341a |
| Illustrasie 74: | Opstande in Londen nadat die *Lusitania* gekelder is. | 341b |
| Illustrasie 75: | Frits Engelenburg. | 343a |
| Illustrasie 76: | Bryan Thomas Mahon. | 345a |
| Illustrasie 77: | Henry Kitchener. | 345a |
| Illustrasie 78: | Waldorf-Hotel in Londen, waar Engelenburg tuis gegaan het. | 345a |
| Illustrasie 79: | W.M.A. Beaverbrook. | 345a |
| Illustrasie 80: | J.T. Thompson. | 345b |

| | | |
|---|---|---|
| Illustrasie 81: | M.I. Khilkoff. | 345b |
| Illustrasie 82: | H.C. Plunkett. | 345b |
| Illustrasie 83: | Tekenkantoor van die Harland & Wolff-skeepswerf in Belfast, Ierland. | 345b |
| Illustrasie 84: | W.P. Schreiner. | 345b |
| Illustrasie 85: | A.M. Milner. | 345b |
| Illustrasie 86: | Tydens die vredesonderhandelinge in Versailles, Parys, in 1919. | 351a |
| Illustrasie 87: | Grands Magasins du Louvre, waar Engelenburg die tapisserie in 1919 gekoop het. | 353a |
| Illustrasie 88: | Tapisserie wat Engelenburg in 1919 by die Grands Magasins du Louvre gekoop het. | 353a |
| Illustrasie 89: | Gouda Engelenburg-Vermandel, Frits en F.T.V. Engelenburg kort voor laasgenoemde se dood in 1920. | 363a |
| Illustrasie 90: | Die Engelenburgfamilie se grafkelder by De Oldhorst te Oldebroek. | 363a |
| Illustrasie 91: | Engelenburg fyn uitgevat met ringe en armbande. | 371a |
| Illustrasie 92: | Engelenburghuis kort ná die aanbouing in 1922. | 377a |
| Illustrasie 93: | Engelenburg en sy twee honde voor die bekende poort in Edmondstraat, Arcadia, Pretoria. | 377b |
| Illustrasie 94: | Madame Récamier. | 377b |
| Illustrasie 95: | Grand-Hotel in Stockholm, Swede. | 387a |
| Illustrasie 96: | Program van 'n kunsteaand in 1923. | 389a |
| Illustrasie 97: | Bagatel Cottage. | 395a |
| Illustrasie 98: | Bagatel Cottage. | 395a |
| Illustrasie 99: | Perde by Bagatel Cottage. | 395b |
| Illustrasie 100: | Skets van Engelenburg by sy aftrede. | 397a |

| | | |
|---|---|---|
| Illustrasie 101: | Medaljes vir die 100-jarige herdenking van president Paul Kruger se geboortedag in 1825. | 409a |
| Illustrasie 102: | *De Volkstem* se voorblad in 1925. | 409b |
| Illustrasie 103: | Aandenkingsmedaljes wat in 1925 deur *De Volkstem* uitgegee is. | 409b |
| Illustrasie 104: | Terracotta-beeld van die Frobenius-ekspedisie, 1910. | 419a |
| Illustrasie 105: | Gustav Preller. | 429a |
| Illustrasie 106: | C. Louis Leipoldt. | 429a |
| Illustrasie 107: | Cliffordstraat 10, Londen. | 451a |
| Illustrasie 108: | Lorraine ’n jaar nadat sy met Engelenburg getroud is. | 455a |
| Illustrasie 109: | Engelenburg met sy honde. | 474a |
| Illustrasie 110: | Engelenburg bring sy dae tussen sy boeke deur. | 474b |
| Illustrasie 111: | Kees se dogter, Marie (Maria of Mieke), in later jare. | 482a |
| Illustrasie 112: | Suster Liesching en F.V. Engelenburg. | 488a |
| Illustrasie 113: | Engelenburg in sy latere jare op die stoep by Engelenburghuis. | 488b |
| Illustrasie 114: | *Die Volkstem*-gebou in 1953. | 502a |
| Illustrasie 115: | Frans en Lorraine Engelenburg se graf, Rebeccastraat-begraafplaas, Pretoria. | 506a |
| Illustrasie 116: | Erfgename. Willem, Marie en Frans. | 506b |
| Illustrasie 117: | Erfgenaam. Hedwig van Son-Engelenburg. | 506c |
| Illustrasie 118: | Erfgenaam. Maria Engelenburg. | 506c |

| | | |
|---|---|---|
| Illustrasie 101: | Medaljes vir die 100-jarige herdenking van president Paul Kruger se geboortedag in 1825. | 409a |
| Illustrasie 102: | *De Volkstem* se voorblad in 1925. | 409b |
| Illustrasie 103: | Aandenkingsmedaljes wat in 1925 deur *De Volkstem* uitgegee is. | 409b |
| Illustrasie 104: | Terracotta-beeld van die Frobenius-ekspedisie, 1910. | 419a |
| Illustrasie 105: | Gustav Preller. | 429a |
| Illustrasie 106: | C. Louis Leipoldt. | 429a |
| Illustrasie 107: | Cliffordstraat 10, Londen. | 451a |
| Illustrasie 108: | Lorraine 'n jaar nadat sy met Engelenburg getroud is. | 455a |
| Illustrasie 109: | Engelenburg met sy honde. | 474a |
| Illustrasie 110: | Engelenburg bring sy dae tussen sy boeke deur. | 474b |
| Illustrasie 111: | Kees se dogter, Marie (Maria of Mieke), in later jare. | 482a |
| Illustrasie 112: | Suster Liesching en F.V. Engelenburg. | 488a |
| Illustrasie 113: | Engelenburg in sy latere jare op die stoep by Engelenburghuis. | 488b |
| Illustrasie 114: | *Die Volkstem*-gebou in 1953. | 502a |
| Illustrasie 115: | Frans en Lorraine Engelenburg se graf, Rebeccastraat-begraafplaas, Pretoria. | 506a |
| Illustrasie 116: | Erfgename. Willem, Marie en Frans. | 506b |
| Illustrasie 117: | Erfgenaam. Hedwig van Son-Engelenburg. | 506c |
| Illustrasie 118: | Erfgenaam. Maria Engelenburg. | 506c |

# Bedankings

Ten aanvang wil ek ŉ paar woorde van dank te rig aan diegene wat meegewerk het tot die totstandkoming van hierdie proefskrif.

Aan my promotor, prof. J.W.N. Tempelhoff, ŉ spesiale woord van dank vir sy leiding sedert ek in 2008 met my honneursstudie in Geskiedenis aan die Noordwes-Universiteit begin het. Hy het aan my die vryheid gegee om met ŉ betreklik nuwe genre in geskiedskrywing te eksperimenteer, naamlik nagraadse historiese biografie. Sy inspirerende aanmoediging en rigtinggewende leiding het meegebring dat ek my proefskrif met selfvertroue kon aanpak en voltooi. Groot dank gaan ook aan my medepromotor, prof. J. van der Elst. Sy jarelange ondervinding in taal- en letterkunde en sy Nederlandse agtergrond het meegehelp dat ek die biografie met selfvertroue kon aanpak en die proefskrif bevredigend kon afrond. ŉ Spesiale woord van dank aan mnr. Tom McLachlan en dr. Dionē Prinsloo, wat moeite gedoen het met die taalversorging, redigering en proeflees van my werk.

Hierdie projek is gefinansier deur toekennings van die Navorsingstrust van die Erfenisstigting, Pretoria, die Stichting Studiefonds van die NZAV, Nederland, die Stichting Neerlandia, Bloemfontein, en die Van Ewijck-Stigting, Kaapstad, asook deur my moeder, wat my studiereis na Nederland en Portugal moontlik gemaak het. Daarsonder sou ek nie die noodsaaklike navorsing in dié twee lande kon doen en die proefskrif na wense kon afhandel nie. Groot dank ook aan my dogter, Elize, wat ŉ nuwe kamera aan my geskenk het wat ek in die onderskeie argiewe kon gebruik om relevante dokumente te fotografeer en die nodige foto's tydens my veldwerk te neem.

ŉ Besondere woord van dank aan mev. Hedwig van Son-Engelenburg van Den Haag, wat my tydens my eerste besoek aan Nederland gul ontvang en van waardevolle inligting oor haar vader, Frits Engelenburg, die halfbroer van F.V. Engelenburg, voorsien het.

ŉ Spesiale woord van dank rig ek aan my moeder en my kinders vir hulle voortdurende belangstelling en aanmoediging deur die jare en aan Akademielede en raadslede vir hulle ondersteuning en ook aanmoediging tydens my studie.

Navorsing kan nie onderneem word sonder die arbeid van argivarisse en bibliotekarisse wat ’n noodsaaklike diens lewer om historiese dokumente te bewaar en om navorsers in staat te stel om toegang daartoe te verkry nie. My dank aan al die instansies en verantwoordelike inligtingspraktisyns wat my in staat gestel het om die nodige bronnemateriaal by die onderskeie argiewe en biblioteke in Suid-Afrika, Nederland en Portugal te ontgin.

# Lys van afkortings

| | |
|---|---|
| ABO | Anglo-Boereoorlog |
| AEA | Argief vir Eietydse Aangeleenthede |
| ANC | African National Congres |
| Anon. | Anoniem |
| ANV | Algemeen Nederlandsch Verbond |
| CNA | Central News Agency |
| CNO | Christelijk Nationaal Onderwijs |
| GG | Argief van die Goewerneur-generaal |
| KG | Kommandant-generaal |
| Korr. | Korrespondent |
| JSGBD, US | J.S. Gericke Biblioteek, Dokumentasiesentrum, Universiteit van Stellenbosch |
| LA | W.J. Leyds-argief |
| LBPA | Linda Brink Private Argief |
| MEM | Privaatsekretaris van die Eerste Minister |
| MGP | Militêre Owerheid Pretoria |
| MHG | Meester van die Hooggeregshof |
| NA, Den Haag | Nationaal Archief, Den Haag |
| NASA, Kaapstad | Nasionale Argief van Suid-Afrika, Kaapstad |
| NASA, Pretoria | Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria |
| NBSA, Kaapstad | Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad |
| NBSA, Pretoria | Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Pretoria |
| NP | Nasionale Party |
| NZASM | Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij |
| NZAV | Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging |
| PWD | Departement van Openbare Werke |
| ROT | Rederykerskamer Onze Taal |
| SAAWK | Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns |
| SAB | Sentrale Argiefbewaarplek |
| SAP | Suid-Afrikaanse Party |

| | |
|---|---|
| SP | Staatsprokureur |
| SS | Staatsekretaris |
| TAB | Transvaalse Argiefbewaarplek |
| TNU | Transvaal National Union |
| Unisa | Universiteit van Suid-Afrika |
| UP | Universiteit van Pretoria |
| UR | Uitvoerende Raad |
| VAB | Vrystaatse Argiefbewaarplek |
| VSA | Verenigde State van Amerika |
| ZAR | Zuid-Afrikaansche Republiek |
| ZTPD | Griffier van die Hooggeregshof van die Zuid-Afrikaansche Republiek en Hooggeregshof van die Transvaalse kolonie |

# Opsomming

Hierdie proefskrif is ŉ historiese biografie oor F.V. Engelenburg (1863-1938) en bestryk die tydperk van 1889 tot 1938 toe Engelenburg in Suid-Afrika gewoon en gewerk het. Die studie plaas Engelenburg in die historiese landskap van die Zuid-Afrikaansche Republiek in die laat negentiende en vroeë twintigste eeu. Die fokus is hoofsaaklik op Engelenburg se joernalistieke loopbaan by *De Volksstem*, maar aandag word ook gegee aan sy talle ander belangstellings, onder meer die ontwikkeling en uitbouing van Afrikaans en die Afrikaanse akademiese kultuur, veral in die noordelike dele van Suid-Afrika. Sy werksaamhede met betrekking tot die ontwikkeling van die argitektuur, die letterkunde, die lugvaart, die visuele en uitvoerende kunste, die geskiedenis, die biblioteek- en museumwese en opvoedkundige instellings word onder die loep geneem. Aandag is ook aan sy private lewe gegee om sodoende sy veelsydigheid as mens uit te beeld. Die hoofstukke is in onderafdelings verdeel om die verskeidenheid van sake waarby Engelenburg betrokke was, te onderskei. ŉ Chronologiese benadering is gevolg, soos die gebruik is by die skryf van ŉ biografie.

Die studie is gebaseer op argivale navorsing. Daar is veral van F.V. Engelenburg se privaat versamelings gebruik gemaak, sowel as van die privaat versamelings van sy tydgenote. Engelenburg word sentraal in die biografie geplaas, met die fokus op sy persepsies en ervarings vanuit ŉ transnasionale Europese perspektief op toestande en die alledaagse lewe in die Suid-Afrikaanse landskap. Sy rol as invloedryke meningsvormer en politieke kommentator met betrekking tot die plaaslike en internasionale politiek word belig, sowel as sy bande met politieke leiers en sy betrokkenheid by regeringsaangeleenthede. Daar word ook melding gemaak van sy voortdurende kontak met sy stamland Nederland en die Nederlandse taal, hoewel hy ná die Anglo-Boereoorlog Afrikaans as die taal van die toekoms, naas Engels, in Suid-Afrika voorgestaan het. Sy volgehoue steun om die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal in die skole en universiteite te bevorder en Afrikaanse literatuur te ontwikkel, asook sy ondersteuning vir die standaardisering van Afrikaans, het meegehelp om Afrikaans as amptelike taal, naas Engels en Nederlands, in Suid-Afrika te vestig. Engelenburg se aktiewe bydrae tot die werksaamhede van die Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Lettere en Kuns (vandag die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns)

het dié organisasie op ŉ stewige fondament geplaas vir toekomstige ontwikkeling. Die Akademie kan beskou word as ŉ lewende monument van sy werk in Suid-Afrika.

**Trefwoorde**

Afrikaans – Anglo-Boereoorlog - argiefwese – argitektuur – biografie – Boeregeïnterneerdes – burgerlike lugvaart – Cecil John Rhodes – Eerste Wêreldoorlog – ekonomiese depressie – Engelenburg – geskiedenis – hoofredakteur – Jameson-inval – joernalis – joernalistiek – kerktwis – kultuur – Leo Frobenius – museum – Nasionale Party – onderwys – politieke kommentator – staatsbiblioteek – Suid-Afrikaanse Party – transnasionaliteit – Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Lettere en Kuns – Zuid-Afrikaansche Republiek

# Abstract

This dissertation is a historical biography of F.V. Engelenburg (1863-1938) and covers the period from 1889 to 1938, when Engelenburg lived and worked in South Africa. The study situates Engelenburg in the historical landscape of the *Zuid-Afrikaansche Republiek* during the late nineteenth and early twentieth century. The focus is mainly on Engelenburg's journalistic career at *De Volksstem*, but attention is also given to his many other interests, including the development and promotion of Afrikaans and the Afrikaans academic culture, especially in the northern parts of South Africa. His work pertaining to the development of architecture, literature, aviation, the visual and performing arts, history, libraries, museums and educational institutions comes under the spotlight. His private life is considered as well in order to portray his versatility as a person. The chapters have been subdivided to highlight the variety of matters he was involved in, and a chronological approach has been followed as is customary in a biography.

The study is based on archival research. In particular, Engelenburg's private collections were used, as well as the private collections of some of his contemporaries. Engelenburg assumes a central place in the biography, with special focus on how he perceived and experienced conditions and everyday life in South Africa from the point of view of his transnational European background. His role as influential opinion-maker and political commentator on local and international politics is highlighted. His ties with political leaders and his involvement in government affairs are emphasised. The study also refers to his continued contact with his motherland, the Netherlands, and with the Dutch language. After the Anglo-Boer War, he realised that the languages of the future in South Africa would be Afrikaans (not Dutch), alongside English. His continuing support for Afrikaans as a language of instruction in schools and universities and the development of the Afrikaans literature, as well as his support for the standardization of Afrikaans helped to establish Afrikaans as an official language alongside English and Dutch in South Africa. Engelenburg's active contribution to the work of the *Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Lettere en Kuns* (now the *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*), helped to put the organization on a sound footing for future development. The *Akademie* can be seen as a living monument to his work in South Africa.

**Key words**

Afrikaans – Anglo-Boer War – architecture – archive – biography – Boer internees – Cecil John Rhodes – civil aviation – culture – economic depression – editor-in-chief – education – Engelenburg – history – Jameson Raid – journalism – journalist – Leo Frobenius – museum – National Party – political commentator – South African Party – state library – transnational – World War I – Zuid-Afrikaansche Republiek – Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Lettere en Kuns

# Inleiding

## 1. Agtergrond en oriëntering

Dr. Frans Vredenrijk Engelenburg (1863-1938) is in Arnhem, Nederland, gebore. Ná skool het Engelenburg hom aan die Universiteit van Leiden as regsgeleerde bekwaam en het ook sy doktorale studie daar voltooi.[1] In 1889 het hy hom in Pretoria gevestig en in dieselfde jaar is hy as hoofredakteur van *De Volksstem*[2] aangestel.[3] Die biografiese onderwerp, F.V. Engelenburg, word in die historiese landskap van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in die laat negentiende eeu geplaas in ŉ tydperk toe heelwat Nederlanders na Suid-Afrika, en in die besonder na die ZAR, geëmigreer het.[4] In die ZAR was daar, benewens Kruger se aanhangers, ook die Joubert-groepering, wat uiters krities teenoor die Kruger-regering gestaan het. Dié groepering was ook gekant teen die Nederlanders, wat volgens hulle al die regeringsposte ingepalm het; hulle het bekend gestaan as die sogenaamde "Hollanderhaters".[5] Engelenburg ontluik prominent in die konteks van die negentiende-eeuse Transvaalse geskiedenis. Van besondere betekenis is dat hy ook as een van Kruger se "Hollanders" gereken is en dikwels onder die kritiek van die "Hollanderhaters" deurgeloop het.[6] Hoewel hy nie ŉ staatspos beklee het nie, was Engelenburg ŉ raadgewer van Kruger en ŉ intieme vriend van die ZAR se staatsekretaris, ook ŉ Nederlander, dr. W.J. Leyds.

Tot en met die Anglo-Boereoorlog (ABO) het Engelenburg sy oorsese reise beperk tot Europa. Ná die ABO was hy plotseling ŉ Britse onderdaan en het daarna ook in gereelde kontak met Groot Brittanje gekom. Die feit dat hy jare vóór die Eerste Wêreldoorlog ŉ verhouding gehad het met ŉ Engelse dame wat in Engeland opgegroei het, en ná die oorlog met haar getrou het, dat hy sy klere in Londen laat maak het, en gedurende sy latere oorsese reise al hoe meer tyd in Brittanje deurgebring het, het hom geleidelik tot ŉ Engelse dandy

1 F.V. Engelenburg het op 5 Julie 1887 gepromoveer. Die titel van sy proefskrif was: Het internationaal krankzinnigenwezen.

2 *De Volksstem* se een 's' is in April 1905 weggelaat en van Mei 1905 het dit bekend gestaan as *De Volkstem.* Op 1 Januarie 1927 is *De* vervang met *Die* en het die koerant *Die Volkstem* geword.

3 Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA), Pretoria, Engelenburgversameling, A140, band 10, sublêer 40, F.V. Engelenburg – M.M. Koopmans-De Wet, 26.10.1889.

4 W. Klooster (red.), *Gedenkboek voor die Nederlandsche Vereeniging te Pretoria*, *uitgegee bij geleentheid van haar 30-jarige bestaan*, p. 6.

5 J.H. Barnard, Die politieke strominge in die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek 1881-1899, pp. 5-6.

6 H. Meert, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Neerlandia*, 2(10), 1898, p. 2.

getransformeer, ŉ rol wat hom goed gepas het, ook gesien in die lig daarvan dat hy in sy latere jare bekend gestaan het as "die volmaakte gentleman". Engelenburg se komplekse verhouding met lede van die teenoorgestelde geslag het hom genoodsaak om sy private lewe uit die openbare oog te hou. Hy is eers, toe hy al bejaard was, getroud. Daarna het hy en sy vrou soos ander egpare saam aan openbare geleenthede deelgeneem.

Hierdie studie oor Engelenburg word binne die raamwerk van biografiese geskiedskrywing onderneem eerstens om ŉ histories belangrike persoon se lewe en werk in ŉ historiese tydsnit te verhelder, en tweedens om Engelenburg se invloed op die Suid-Afrikaanse gemeenskap van sy tyd te dokumenteer en krities te beoordeel. Nagraadse biografiese geskiedskrywing, wat ŉ betreklik verwaarloosde veld is, dien as teoretiese onderbou vir hierdie studie.

Dit is nie ongewoon om biografiese studies oor bekende persone aan te pak nie. Die eerste voorbeelde van biografieë in Suid-Afrika was nie op die gebied van die letterkunde nie; die klem het eerder op historiese en staatkundige onderwerpe geval. Vroeg-twintigste-eeuse Afrikaanse biografiese studies sluit die werk in van G.S. Preller oor die Voortrekkerleiers;[7] Engelenburg se eie studies oor Paul Kruger[8] en generaal Louis Botha;[9] N. Levi se vroeë studie oor generaal Jan Smuts;[10] en F.S. Malan se werk oor Engelenburg se tante, Marie Koopmans-De Wet.[11] Dit is wel ook so dat individue se doen en late waarskynlik in dié tyd deeglik nagevors is, maar nie noodwendig met ŉ kritiese ingesteldheid nie. Engelenburg het hom daaraan skuldig gemaak in sy biografie oor Louis Botha, soos ook Bettie Cloete in haar biografie oor haar vader, F.S. Malan.[12] In beide biografieë word die persoon se goeie hoedanighede besing en negatiewe karaktertrekke en optrede word versluier. Die literatuur van die era 1903 tot die 1940's, wat biografiese werke ingesluit het, was ŉ weerspieëling van die Tweede Taalbeweging en die gepaardgaande groei van Afrikanernasionalisme, en van

7 G.S. Preller, *Voortrekkermense* (ŉ reeks van ses werke) (Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1918-1938); *Andries Pretorius: lewensbeskrywing van die Voortrekker kommandant-generaal* (Afrikaanse Pers Boekhandel, Johannesburg, 1940); *Piet Retief: lewenskets van die grote Voortrekker* (Volkstem Drukkerij, Pretoria, 1908); *Dagboek van Louis Trichardt 1836-1838* (Het Volksblad-Drukkerij, Bloemfontein, 1917).

8 F.V. Engelenburg, *Paul Kruger's afkomst en familie. Benevens verscheiden zeldzame portretten en afbeeldingen* (Volksstem Drukkerij, Pretoria, 1904); *ŉ Onbekende Paul Kruger: sy bedrywigheid as boerende boer, briewe-skrywer, gelowige, financier, veldkornet, jagter, commandant, koorslyer en staatsburger* (Volkstem-drukkerij, Pretoria, 1925).

9 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha* (J.L. Van Schaik, Pretoria, 1928).

10 N. Levi, *Jan Smuts* (Longmans, Green & Co., Londen, 1917).

11 F.S. Malan, *Marie Koopmans-De Wet* (Juta en Kie, Kaapstad, 1924).

12 B. Cloete, *Die lewe van senator F.S. Malan* (Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1946).

politieke strominge. Met verloop van tyd het biografieë meer krities geword, maar Afrikanernasionalisme het steeds ŉ rol in Afrikanergeskiedskrywing en -biografieë gespeel.

Gedurende die sestiger- en sewentigerjare van die twintigste eeu het biografiese studies in Suid-Afrika ŉ bloeitydperk bereik. Veral in dié verband kan die samestelling van die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (SABW), ŉ vyfdelige reeks oor mense wat ŉ bydrae van belang tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis gelewer het, vermeld word.[13] ŉ Galery van persone uit alle kulturele groepe is op ŉ gebalanseerde wyse deur vooraanstaande akademici en navorsers aan ŉ breë Suid-Afrikaanse publiek voorgehou. Engelenburg se kort lewensbeskrywing is reeds in volume I van die SABW opgeneem, waarin hy ook as een van "Kruger se Hollanders" bestempel is.[14] Die skrywer van dié biografiese skets oor Engelenburg was die joernalis mev. Rinie Stead.[15] Sy gee ŉ kort en bondige oorsig oor sy lewe, veral die tydperk wat hy in Suid-Afrika gewoon het. Uit die teks blyk dit duidelik dat daar leemtes en vergissings in die navorsing is. By nadere ondersoek is gevind dat argiefbronne oor Engelenburg dié artikel weerspreek.

In opvolging van die vyfdelige biografiese reeks het daar ná 1994 twee volumes verskyn met die titel *New Dictionary of South African Biography*.[16] Die aksent in hierdie tweede reeks is duidelik politiekgedrewe en persone uit voorheen benadeelde gemeenskappe en politieke leiers het voorkeur gekry.

Om ŉ biografie oor lewende persone te skryf, kan problematies wees. Die historikus, dr. Maria Hugo (1917-2010), was skepties oor die beoefening van eietydse geskiedenis omdat sy gemeen het dat die perspektief van tydsafstand ontbreek.[17] Dit het dus bepaalde voordele om

---

13 Volume I is uitgegee deur die destydse Raad vir Sosiale Navorsing in 1968, terwyl volumes II tot V deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) uitgegee is in die tydperk 1972-1987. Kyk W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I* (Tafelberg, Kaapstad, 1968); W.J. de Kock en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II* (Tafelberg-Uitgewers Bpk., Kaapstad en Johannesburg, 1972); D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III* (Tafelberg-Uitgewers Beperk, Kaapstad, 1977); C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV* (Butterworth en Kie, (SA) (Edms.) Bpk., Durban en Pretoria 1981); en C.J. Beyers en J.L. Basson (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V* (Creda, Pretoria, 1987).

14 R. Stead, "Engelenburg, Frans Vredenrijk" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, pp. 288-290.

15 Mev. Rinie Stead het in 1979 by die RGN in Pretoria afgetree.

16 E.J. Verwey (red.), *New Dictionary of South African Biography I* (RGN Uitgewery, Pretoria, 1995); en N.E. Sonderling (red.), *New Dictionary of South African Biography II* (Vista Universiteit, Pretoria, 1999).

17 J.P. Brits, "In Memoriam. Maria Hugo – soeker na waarheid" in *Historia*, 55(2), November 2010, p. 7.

ná verloop van tyd oor ŉ biografiese onderwerp te skryf. ŉ Persoon soos F.V. Engelenburg, wat in 1938 oorlede is, gee aan die navorser geleentheid om in ŉ breër perspektief aspekte van die persoon se lewe te ontgin. Aan die hand van beskikbare inligting en met meer afstand kan die navorser meer onbevange op die biografiese onderwerp konsentreer. Die onderwerp staan ook buite die spervuur van eietydse kritiek.

Ofskoon daar ŉ lang tradisie van biografiese geskiedskrywing in Suid-Afrika bestaan, is daar steeds ŉ leemte ten opsigte van nagraadse historiese studies. Daar is betreklik min navorsing op die terrein van veral Nederlanders wat sedert die negentiende-eeuse republikeinse tydperk ŉ rol in Suid-Afrika gespeel het. Nagraadse biografiese studies oor Kruger se sogenaamde "Hollanders" kan op een hand getel word. Die DPhil-studie van L.E. van Niekerk oor W.J. Leyds verdien vermelding,[18] sowel as J.W. Meijer se nagraadse studie oor H.J. Coster.[19] Ander werke wat oor Kruger se "Hollanders" verskyn het, hoewel nie as nagraadse studies nie, is dié van J. Ploeger oor E.J.P. Jorissen[20] en verder is daar kort biografiese sketse oor onder andere W.E. Bok, staatsekretaris en latere notulehouer van die uitvoerende Volksraad;[21] N. Mansvelt (1852-1933), superintendent van onderwys;[22] en G.A.A. Middelberg (1846-1916), direkteur van die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij.[23]

Die omvang van nagraadse biografiese geskiedskrywing het sedert die 1970's wêreldwyd toegeneem. As gevolg van die persepsie dat die biografie tot die domein van kreatiewe skryfwerk (geromantiseerde biografie) behoort of hoogstens tussen geskiedenis en literatuur lê, het buitelandse universiteite vanaf 1996 toenemend sentrums en institute gestig waar historiese biografieë as nagraadse studies onderneem kon word. Die behoefte is egter geïdentifiseer dat die biografie nie gekoppel moes word aan kreatiewe skryfwerk nie, maar dat daar eerder sterk klem gelê moes word op akademiese navorsing en die historiese aard van die biografie, met ander woorde dat die werk feitlik uitsluitend op historiese inligting

---

18 L.E. van Niekerk, Dr. W.J. Leyds as gesant van die Zuid-Afrikaansche Republiek (DPhil, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1972).

19 J.W. Meijer, Dr. H.J. Coster 1865-1899 (MA, Unisa, Pretoria, 1983).

20 J. Ploeger, *Dr. Eduard Johan Pieter Jorissen* (Nasionale Pers Beperk, Bloemfontein, 1945).

21 J. Ploeger, "Bok, Willem Eduard" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, pp. 90-91.

22 J. Ploeger, "Mansvelt, Nicolaas" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, p. 524.

23 F.J. du T. Spies, "Middelberg, Gerrit Adriaan Arnold" in W.J. de Kock en D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, p. 484.

berus en uiteindelik "wetenskaplike biografie" genoem kan word.[24] By universiteite is biografiese studies as MA- en PhD-studies toenemend voltooi. Institute vir historiese biografiese studies is by onder meer die Universiteit van Buckingham, Londen (1996),[25] die Universiteit Groningen, Nederland (2004), die Universiteit van die stad New York (2004),[26] die Universiteit van Wene, Oostenryk (2005),[27] en die Australiese Nasionale Universiteit (2008)[28] ingestel.

Die historikus S.B. Oates meen dat geskiedenis op 'n verskeidenheid maniere bestudeer en benader kan word:

> Biography is the human heart of history ... it transforms history from a world of lifeless data and impersonal force into a landscape filled with living people ... Biography can serve as a window to an era.[29]

Op haar beurt verklaar die Suid-Afrikaans gebore Barbara Caine, wat tot 2011 direkteur was van die sentrum vir biografie en lewensbeskrywing aan die Monash-Universiteit, Australië, dat belangstelling in biografiese geskiedskrywing groei en toenemend 'n belangrike veld van navorsing word. Sy skryf:

> The most important contribution of biography to history is the insight that it offers into the lives and thought of significant individuals.[30]

In Suid-Afrika is daar geen instituut vir die historiese biografie by enige van die universiteite se geskiedenisdepartemente nie, wat dus 'n bepaalde leemte laat. Die Universiteit van die Witwatersrand het wel 'n afdeling vir biografie wat deel uitmaak van die skool vir literatuur, taal en media. Dié afdeling konsentreer egter op die biografie as kreatiewe skryfwerk.[31]

---

24 Anon., "MA in Biography", School of Humanities, The University of Buckingham, by http://www.buckingham.ac.uk/humanities/ma/biography (geraadpleeg op 17.03.2013 en 20.08.2013).

25 Anon., "MA in Biography", School of Humanities, The University of Buckingham, by http://www.buckingham.ac.uk/humanities/ma/biography (geraadpleeg op 17.03.2013 en 20.08.2013).

26 Anon., "The Leon Levy Center for Biography", The City University of New York, by http://www.leonlevycenterforbiography.com/fellows_program.html (geraadpleeg op 17.03.2013 en 20.08.2013).

27 Anon., "Ludwig Boltzmann Institut für Geschichte und Theorie der Biographie", Universiteit Wene, Oostenryk, by http://www.gtb.lbg.ac.at (geraadpleeg op 17.03.2013 en 20.08.2013).

28 Anon., "National Centre of Biography", Australian National University, by http://ncb.anu.edu.au (geraadpleeg op 17.03.2013 en 20.08.2013).

29 S.B. Oates, "Biography as history", referaat gelewer by die twaalfde Charles Edmondson Historical Lectures, Baylor University, Waco, Texas, 19 en 20 Maart 1990, pp. 6-7.

30 B. Caine, *Biography and history*, p. 1.

31 Anon., "MA in creative writing", School of literature, language and media, Universiteit van die Witwatersrand, http://www.wits.ac.za/academic/humanities.slls/discipines/creativewriting/19906/hhd_in_creative_writing.html (geraadpleeg op 17.03.2013 en 20.08.2013).

Omdat hierdie studie oor F.V. Engelenburg, soos reeds gemeld, as ŉ historiese biografie voorgelê word, het die navorser tydens ŉ navorsingsreis in Oktober en November 2011 in Nederland besoek afgelê by onder andere die historikus prof. Hans Renders, wat hoof is van die biografie-instituut van die Rijksuniversiteit Groningen. Die doel van die besoek was nie net om meer te wete te kom oor die skryf van ŉ biografie nie, maar ook kennis te neem van hoe ŉ verwante gemeenskap tans oor die historiese biografiese studie besin. Ook hy het benadruk dat die belangstelling in nagraadse historiese biografieë die afgelope jare in Nederland toegeneem het. Hierdie ontwikkeling het tot gevolg gehad dat die biografie-instituut in 2004 by die Universiteit Groningen tot stand gekom het.[32] Sedert die instituut se ontstaan is heelwat biografieë as doktorale studies voltooi of in die proses van voltooiing. Die onderwerpe van hierdie studies sluit joernaliste, diplomate, kunsversamelaars, entrepreneurs, skilders, digters, historici, politici, militêre figure, ekonome en fisici in.[33] Dié studie oor Engelenburg kan dus beskou word as ŉ verlengstuk van ŉ groeiende belangstelling in biografiese studies in die dissipline van geskiedenis.

## 2. Probleemstelling en motivering

Engelenburg kan as een van die leidende Afrikaans-Nederlandse intellektuele van die negentiende en twintigste eeu beskou word. Tog is sy bydrae op talle terreine in die geskiedenis van Suid-Afrika nooit volledig opgeteken nie. Ook is sy invloed op die ZAR-regering en die Transvaalse samelewing nie voorheen nagevors nie. Geen omvattende werk is nog oor Engelenburg geskryf nie. ŉ Paar biografiese sketse het wel ná sy dood verskyn[34] en daar is ook in ŉ aantal geskrifte kursoriese verwysings na hom. Die feit dat Engelenburg ná sy dood ŉ randfiguur geword het en dat sy geskiedenis nooit volledig opgeteken is nie, dui op ŉ leemte in die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis van die laat negentiende en vroeë twintigste eeu.

Die inligting wat oor Engelenburg gevind kon word,[35] lewer voldoende bewys dat hy in sy leeftyd ŉ groot invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing uitgeoefen het. Die rol wat hy

---

[32] Linda Brink Private Argief (LBPA): Onderhoud prof. Hans Renders, hoof van die biografie-instituut, Rijksuniversiteit Groningen, 25.10.2011.

[33] Anon., Biografie-instituut, Rijksuniversiteit Groningen by http://www.rug.nl/research/biografie-instituut (geraadpleeg 30.04.2013 en 20.08.2013).

[34] Wallach, I. (red), *Die volmaakte 'Gentleman'* (Die Volkstem Drukkery, Pretoria, 1945).

[35] NASA, Pretoria, A140, F.V. Engelenburgversameling; Engelenburghuis, Arcadia, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

gespeel het, was merkbaar op die terrein van die ontwikkeling en uitbouing van Afrikaans en die Afrikaanse akademiese kultuur, veral in die noordelike dele van Suid-Afrika.

Uit argiefbronne is vasgestel dat Engelenburg belanggestel het in veral die geskiedskrywing, die geskiedenis en historiese bewussyn, die argeologie, en die museum-, argief- en biblioteekwese. Ook op die gebied van die universiteitswese en onderwys het Engelenburg ŉ belangrike rol gespeel. Sy ander belangstellings het argitektuur, die letterkunde, die lugvaart, en die visuele en uitvoerende kunste ingesluit.[36] Hy was ŉ ware kuns- en kultuurliefhebber en sy uitgebreide belangstelling het tot die versameling van belangrike kunswerke en oudhede gelei wat tans nog in Engelenburghuis, Pretoria, te sien is.

## 3. Navorsingsdoelstellings en doelwitte

Die eerste deel van Engelenburg se lewe is in ŉ MA-studie deur die navorser[37] ondersoek. ŉ Omvattende, voortgesette ondersoek oor Engelenburg as leier van statuur en aansien in veral die Afrikanergeskiedenis van die laat negentiende en eerste drie dekades van die twintigste eeu, was daarbenewens noodsaaklik.

Hoewel Engelenburg in die geskiedenis verdwyn het, maak sy voetspoor op ŉ ryke verskeidenheid van terreine in die kuns-, kultuur- en wetenskapslewe van die Afrikaanssprekende gemeenskap van Suid-Afrika dit sinvol dat daar van hom as multidimensionele mens by wyse van ŉ biografiese ondersoek kennis geneem word. Hierdie studie het ten doel om ŉ bydrae te lewer tot die kennis van die laat-negentiende- en vroeg-twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis, met Engelenburg as die sentrale figuur. Die feit dat die navorsing binne die parameters van ŉ biografiese studie onderneem word, impliseer noodwendig dat daar op ŉ bepaalde manier van invloedryke persoonlikhede in die Suid-Afrikaanse geskiedenis kennis geneem word. Die oogmerk is voorts om Engelenburg in ŉ bepaalde tydperk van bykans ŉ halfeeu (1889-1938) in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te kontekstualiseer en die belangrikheid van sy rol as invloedryke meningsvormer en politieke kommentator te belig. Engelenburg se Europese agtergrond het hom in staat gestel om die toestande en die alledaagse lewe in die ZAR in vergelykende perspektief met dié van Nederland te beoordeel. Hoewel hy die Afrikaners gekritiseer het oor hulle onbeholpe

36 NASA, Pretoria, Engelenburgversameling, A140, bande 1, 3, 5, 6, 8, 10 en 24.

37 L.E. Brink, ŉ Biografie van die taalstryder F.V. Engelenburg tot met die stigting van die S.A. Akademie in 1909 (MA, NWU, Vanderbijlpark, 2010).

bestuurstyl van die land, was sy negatiwiteit teenoor die Britse regering dieperliggend. As hoofredakteur van *De Volksstem* was hy in die ideale posisie om sy kommentaar en menings in sy hoofartikels aan die gemeenskap oor te dra.

In wese kan die navorsingsdoelwitte as volg opgesom word:

- Om vas te stel hoe Engelenburg as Nederlandse immigrant in Suid-Afrika aangepas en as politieke kommentator ontluik het en hoe hy as multidimensionele mens sy idees aan die gemeenskap oorgedra het.
- Om ondersoek te doen na die invloed wat Engelenburg gedurende sy leeftyd op leiersfigure in die Suid-Afrikaanse politiek uitgeoefen het. Sy rol as meningsvormer en politieke kommentator sal bespreek word. In die studie sal gefokus word op onder meer hoe hy as ŉ buitestander situasies kon opsom om ŉ beredeneerde mening uit te spreek en op die politiek van die dag kommentaar te lewer.
- Om ŉ oorsig te gee van Engelenburg se rol in Suid-Afrika gedurende die Anglo-Boereoorlog in die tydperk 1899 en 1900. Reeds tydens die oorlog ondergaan hy ŉ geestelike transformasie. Sy aanvanklike negatiewe gedagtes teenoor die Afrikaners kom tot ŉ keerpunt en hy begin gedurende die oorlog nader aan die Afrikaners beweeg.
- Om ŉ oorsig te gee van sy werksaamhede in Europa tydens die Anglo-Boereoorlog in die tydperk 1900 tot 1902.
- Om vas te stel hoe Engelenburg *De Volksstem* ná die oorlog weer op dreef gekry het, sowel as sy betrokkenheid by die plaaslike landspolitiek tot en met Uniewording in 1910.
- Om vas te stel hoe Engelenburg ná Uniewording stadig maar seker ook waardering vir die Britse kultuur gekry het, maar hom geroepe gevoel het om deur sy betrokkenheid by verskeie kommissies en komitees ŉ eie kultuur vir die Afrikaanssprekende gemeenskap te help ontwikkel.
- Om vas te stel of Engelenburg ná die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) ŉ nuwe persepsie van die Britse regering ontwikkel het en wat sy betrokkenheid was by die vredesonderhandelinge in Versailles in 1919.

- Om vas te stel hoe die problematiek van die Suid-Afrikaanse politiek *De Volkstem* geraak het en die redes waarom Engelenburg as hoofredakteur van *De Volkstem* uitgetree het.
- Om vas te stel watter rampe *De Volkstem* ná 1925 getref het en hoe Engelenburg se persoonlike lewe daardeur geraak is.
- Om 'n historiese waardebepaling te maak van die uiteindelike lot van die koerant en Engelenburg se laaste jare.

## 4. Navorsingsmetodiek[38]

Daar is reeds tydens 'n verkennende ondersoek na relevante navorsingsmateriaal vasgestel dat genoeg tersaaklike inligting beskikbaar is om Engelenburg in 'n tydskonteks te plaas en om bepaalde unieke eienskappe uit te lig. Diverse relevante geskrifte, asook fotografiese materiaal, maak deel van die studie uit. Omdat heelwat materiaal gefotokopieer moes word, is die bestaande A4-lêerstelsel wat die navorser in 'n M-studie oor Engelenburg ontwikkel het, benut en verder uitgebrei.

Primêre bronne is in groot mate in die studie gebruik. Engelenburg se argiefversameling, sowel as sy ongeordende versameling in Engelenburghuis, het waardevolle inligting verskaf. Argiefversamelings van sy tydgenote is geraadpleeg. Sekondêre en ander bronne is uit die aard van die saak krities benader en waar nodig benut. Eksterne en interne kritiek is toegepas om veral handgeskrewe dokumente se outentisiteit vas te stel. Die materiaal wat gebruik is, is in ooreenstemming met die vereiste metodologiese riglyne van hermeneutiese navorsing by die korpus van studie ingeskakel. As hoofredakteur van *De Volkstem* het Engelenburg die hoofartikels geskryf, en daaruit kon afleidings gemaak word met betrekking tot sy denkwyse oor die politiek en verskeie ander sake van sy tyd. Die hoofartikels kan derhalwe beskou word as 'n primêre navorsingsbron.

Vir die studie is inligting ook vanaf webtuistes van instansies verkry. Omdat *Wikipedia* nie beskou word as 'n betroubare bron nie, is die gebruik daarvan beperk en hoofsaaklik gebruik

---

[38] Die metodologie wat in die studie toegepas is, is gebaseer op die metodes uiteengesit in die werk van J.W.N. Tempelhoff, *Verhuidiglikte verlede: aspekte van die hermeneutiese verstaansmetode in geskiedenis* (Uitgewery Kleio, Vanderbijlpark, 2002).

om mense se geboorte- en sterfdatums, asook hulle beroepe of betrokkenheid by sake van belang, vas te stel. Dit is ook gebruik om foto's te verkry van persone wat andersins moeilik bekom sou word.

Die studie word, soos die algemene gebruik by die skryf van 'n biografie is, chronologies aangebied. Op grond van die argiefmateriaal wat geraadpleeg is, het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat 'n chronologiese benadering meer geslaagd sou wees as byvoorbeeld 'n tematies-chronologiese struktuur. Die nadeel wat laasgenoemde werkwyse sou meebring, is dat die studie nie vloeiend lees nie en 'n statiese beeld van Engelenburg sou skep. 'n Tematiese struktuur sou ook die karakterontwikkeling van die onderwerp ondermyn. Derhalwe is op 'n chronologiese benadering besluit.

Die studie is soms wydlopig om die leser vertroud te maak met die kulturele omstandighede van die laat 19de eeu en die eerste dekades van die 20ste eeu, waarin Engelenburg as sentrale figuur geplaas is. Dit sou 'n onbevredigende resultaat meebring indien daar slegs verwys sou word na die talle sake waarby Engelenburg in sy lewe betrokke was, sonder om dit in konteks te plaas en daardie kontekste te beskryf. Om Engelenburg as multidimensionele mens te verstaan, kennis te neem van sy transformasie van Nederlander na Afrikaner en sy latere waardering vir die Britte, was dit noodsaaklik om die studie op hierdie uitgebreide wyse aan te pak. Die verandering van Engelenburg se insigte en nuwe persepsies oor die problematiek van die Suid-Afrikaanse politiek en sy komplekse verhouding met die teenoorgestelde geslag kom beter tot sy reg in 'n beskrywende teks oor gebeure as om slegs basiese feite te verstrek.

## 5. Hoofstukindeling

Die hoofstukindeling is soos volg:

### 5.1 Die ontluiking van 'n politieke kommentator, 1889-1894

Die Nederlandse immigrant dr. F.V. Engelenburg se aanpassing in Suid-Afrika en sy vestiging as hoofredakteur van *De Volksstem* geniet in die hoofstuk aandag. Engelenburg het bekendheid verwerf as politieke kommentator, maar ook as meningsvormer.

**5.2 Engelenburg se betrokkenheid by ZAR-regeringsaangeleenthede, 1895-1898**

Sy bande met politieke leiers en sy betrokkenheid by regeringsaangeleenthede word bespreek.

**5.3 Engelenburg se werksaamhede kort voor en tydens die aanvang van die Anglo-Boereoorlog in Suid-Afrika, 1899-1900**

Engelenburg se steun aan die regering en die vegtende burgers tydens die vroeë fase van die oorlog word beskryf.

**5.4 Engelenburg se werksaamhede in Europa tydens die Anglo-Boereoorlog, 1900-1902**

Engelenburg se ondersteuning aan die Boeregeïnterneerdes in Portugal word uitgelig. Sy dienste aan dr. W.J. Leyds in Brussel was ook van groot waarde.

**5.5 Opbou ná die Anglo-Boereoorlog en die aanloop tot Uniewording, 1903-1909**

By sy terugkeer na Suid-Afrika moes Engelenburg die koerant opnuut opbou. Hy het ook hulp aan die Boere-leiers verleen om ŉ politieke party op die been te bring.

**5.6 Engelenburg se persoonlike lewe en sy betrokkenheid by verskeie sake van openbare belang in die periode 1910-1925**

Engelenburg het ná Uniewording by talle kommissies en komitees betrokke geraak met die oorhoofse doel om ŉ eie kultuur vir Afrikaanssprekendes te help ontwikkel.

**5.7 Engelenburg, die politiek en die Eerste Wêreldoorlog in die periode 1910-1919**

Die Eerste Wêreldoorlog het ook implikasies vir *De Volkstem* ingehou. Engelenburg se teenwoordigheid in Europa gedurende en kort ná die oorlog word bespreek, asook sy hulp en bystand aan generaals Louis Botha en Jan Smuts tydens die Vredesonderhandelinge in Versailles ná afloop van die oorlog.

### 5.8 Engelenburg gee die leisels van *De Volkstem* oor, 1920-1924

Die jare ná die Eerste Wêreldoorlog word in die hoofstuk bespreek. Dit is ook in hierdie tydgleuf van die geskiedenis dat Hertzog en die Nasionale Party vir die eerste keer aan bewind kom. Engelenburg tree in 1924 as hoofredakteur van *De Volkstem* uit en gee die leisels oor aan Gustav Preller. Preller was nie meer 'n ondersteuner van die Suid-Afrikaanse Party nie, terwyl *De Volkstem* mondstuk van dié party was.

### 5.9 Stormagtige jare en Engelenburg se intellektuele transformasie, 1925-1931

Engelenburg neem ná 'n jaar weer tydelik die hoofredakteurskap van *Die Volkstem* oor. Die faktore wat gelei het tot die koerant se agteruitgang, word bespreek.

### 5.10 Die lot van *Die Volkstem* en Engelenburg se laaste jare, 1932-1938

Die redes vir die verdere agteruitgang van die koerant en die uiteindelike sluiting daarvan kry aandag, sowel as Engelenburg se persoonlike omstandighede in die laaste jare voor sy dood.

### 5.11 Gevolgtrekking

'n Samevatting van Engelenburg se lewe in Suid-Afrika word gemaak ten opsigte van sy bydrae tot die politiek en die kultuur van die land, asook sy joernalistieke rol. 'n Terugskouing word gegee van die redes wat gelei het tot die agteruitgang van *Die Volkstem* en hoe dit Engelenburg se persoonlike lewe geraak het.